# Eekhoring en die son

Oorvertel deur Joanne Bloch
Illustrasies deur Mieke van der Merwe

Een oggend, toe die diere wakker word, is hulle verbaas om te sien dat daar geen teken is dat die son in die ooste gaan opkom nie.

"Wat gaan aan?" vra al die klein diertjies vir hulle ouers.

"Wees tog net geduldig!" sê hulle mammas en pappas. "Die son is seker vandag 'n bietjie lui. Dit sal netnou soos gewoonlik opkom, en dan kan ons almal gaan water drink by die watergat."

Maar die diere is verkeerd. Hulle wag en wag, maar die wêreld bly donker. Na 'n hele paar uur besluit hulle om 'n vergadering te hou om die probleem te bespreek.

"Wat gaan ons doen?" vra Seekoei.

"Dis baie eenvoudig," sê Kameelperd. "Ons moet almal na die son gaan soek. Ons kan nie sonder die son se lig lewe nie!" Die ander diere stem saam. Toe vertrek hulle in verskillende rigtings, vasberade om die son te vind.

"Ek sal in die bome van die groot woud begin soek," sê Eekhoring vir haarself. Sy soek in elke boom waar sy elke dag dartel en speel. Eers vind sy net donkerte. Toe sy dieper en dieper in die woud ingaan, sien sy 'n baie dowwe skynsel ver voor haar. "Daar's dit!" roep sy opgewonde. "Ek het geweet ek sal die son hier kry!" Eekhoring is reg. Na 'n uur kry sy uiteindelik die son, verstrengel in die ruie takke van 'n hoë boom. "Moenie bekommerd wees nie, Son!" sê Eekhoring. "Ek is dalk klein, maar my tande is baie skerp! Ek sal die takke afknaag en jou in 'n japtrap loskry."

"Dankie, Eekhoring," kreun die son. "Ek sukkel al ure lank om uit hierdie takke los te kom, maar hoe harder ek probeer, hoe meer verstrengel raak ek."

Die klein eekhoring begin aan die takke knibbel en knaag. Dit is harde werk, maar sy gee nie op nie. Na ’n halfuur het sy die son al effens los; en na nog ’n uur is daar net ’n paar klein takkies en stokkies waaraan die son vassit. Maar nou het die eekhoring ’n probleem – hoe meer takke sy afkou, hoe warmer brand die son. Eekhoring begin sweet. Sommer gou ruik sy hoe haar pels skroei en rook. Haar mond is so droog dat sy skaars kan praat. “Ek is jammer, Son, maar ek kan nie meer nie,” sê sy hees. “Jy is net te warm vir my! Kyk, my stert is aan die brand!”




Die son is desperaat om los te kom. “Hou asseblief aan knaag, Eekhoring!” sê Son. “Ek moet uit hierdie takke loskom sodat ek elke dag vir die wêreld kan lig gee. Al die diere en voëls en plante het my lig en warmte nodig om te oorleef.”

Eekhoring weet dit is waar. Al is haar pragtige bruin pels swart gebrand en al is haar stert heeltemal afgebrand, hou sy aan om deur die takke te knaag wat die son steeds vashou.

Nog tyd gaan veryby. Teen hierdie tyd het Eekhoring die son byna heeltemal losgewikkel, maar haar oë kry so seer dat sy hulle moet toemaak. Eekhoring is gedaan en voel dat sy regtig nie meer kan nie. “Asseblief, Son,” sê sy, “ek kan nie meer nie. My oë is beskadig en ek moet hulle rus.” Maar weer smeek die son haar om voort te gaan, en so hou Eekhoring aan.

Uiteindelik kou sy die laaste stukkies bas en hout af wat die son vashou. Stadig begin die son in die lug opstyg, en met dié sprei ’n pienk gloed oor die aarde uit. Terwyl die son opkom, praat hy met die eekhoring. “Baie, baie dankie, my klein vriendjie!” sê Son. “Jy het hard gewerk om my te red, en so het jy ook al die diere en voëls en plante gered. Wat kan ek nou vir jou doen om jou te vergoed?”



Eekhoring dink ’n rukkie hieroor na. Sy wou nog altyd kon vlieg. “Gee asseblief vir my vlerke,” sê sy, “sodat ek hoog in die lug kan vlieg.”

“Nou goed,” sê die son, “nou het jy ’n paar vlerke, en jy sal selfs vinniger en verder as die voëls kan vlieg. Maar omdat jou oë seergekry het toe jy my gehelp het, sal jy bedags slaap en snags wakker wees. En al kan jou oë nie meer die lig verdra nie, sal jy snags baie goed kan sien en hoor!”

En dit is hoe die eekhoring ’n vlermuis geword het. Sy was so besig om snags rond te vlieg dat sy nie haar stert en haar bruin pels en haar lewe as ’n eekhoring in die boomtoppe gemis het nie. En al kon sy nie meer die sonlig geniet nie, het sy steeds die son se warmte in haar hart gevoel.



**WEES KREATIEF!**

Moedig jou kinders aan om aan ’n dier te dink, en hulle eie storie te vertel of te skryf oor hoe dit gebeur het dat hierdie dier so lyk of so optree.

# Eekhoring en die son

Oorvertel deur Joanne Bloch • Illustrasies deur Mieke van der Merwe

## Visueel

Kyk vir 'n rukkie by sonsopkoms en/of in die aand na die lug. Teken of verf 'n prent van die lug by een van hierdie tye. Sit Eekhoring of die vlermuis in jou prent.

## Lees

Kan jy die dele van die storie vind waar Son met Eekhoring praat? Lees elkeen van hierdie dele met verskillende gevoel wat wys hoe die son gevoel het.

## Skryf

Dink aan 'n dier. Skryf jou eie storie oor hoe dit gebeur het dat hierdie dier so lyk of so optree. As jy hulp nodig het om jou storie neer te skryf, vertel dit vir iemand anders wat die woorde vir jou kan neerskryf.

## Handwerk

Teken prente van Son, Eekhoring en die vlermuis uit die storie. Kleur hulle in en plak hulle op lang stokkies of strooitjies vas om speelpoppe te maak.

## Speel toneel

Vertel die storie in jou eie woorde oor en gebruik die speelpoppe wat jy gemaak het.